Sondag **8 Desember**

**Skrifgedeelte: Psalm 48:1-15**

**Fokusgedeelte: Psalm 48:11, 15**

**God sal ons (my) altyd lei, sy mag bring groot redding vir ons (my)**

In die Psalm sien ons die Koragiete die Here se lof besing; dit gebeur egter met groot ywer en geesdrif terwyl hulle na die stad van die Here verwys, Jerusalem. Dit is nie vir ons vreemd om so beeld te sien nie. Jerusalem is juis die stad waar die Here “woon” en wanneer daar gepraat word van Jerusalem waar die Groot Koning woon, moet ons ook in gedagte hou dit is waar die tempel van die Here was.

Dit is juis van groot waarde omdat dit die plek is waar gelowiges heen sal stroom, maar ook die nuwe Jerusalem wat sal kom. In verse 13 en 14 word daar met groot verwondering gepraat oor die torings en die mure, versterkings om dit ook vir die volgende geslag oor te vertel. Dit was praktyk gewees om na ’n veldslag of ’n mislukte oorlog om om die stad te trek en te kyk na die vestings en daaroor die Here dan ook te loof en prys vir sy beskerming en bewaring.

In die Psalm sien ons vier momente wat direk verband hou met die beskerming van die volk en die stad, God se grootheid, God se beskerming, God se troue liefde en God se leiding. God is almagtig en deur die almag sien ons sy grootheid. Deur sy troue liefde wat aan ons bewys is en waar ons gered is van die aanslae van die dood beskerm Hy ons en so lei die Here ons deur die Heilige Gees om daagliks in sy beskermende liefde te woon.

Mag ons om ons geestelike stadspoorte en mure loop, selfs na geweldige nederlae en mag ons die Here loof vir sy beskerming en bevryding van die aanslae wat ons ook beleef van die bose, sonde en siekte.

*Sing: Psalm 91-1:1, 2, 8*

*Ds. EA (Erasmus) Venter (Okahandja)*